

Redaksioneel

Louise Viljoen

Hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* is 'n vervolg op nommer 20(2) van 2013 deurdat dit die tweede versameling gedigte en artikels bevat wat deur vakgenote, kollegas, oud-kollegas en oud-studente bygedra is om proff Dorothea van Zyl en Ronel Foster te huldig by geleentheid van hulle aftrede aan die einde van 2014 na lang en vrugbare loopbane aan die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Stellenbosch. Die artikels wat in die vorige nommer opgeneem is, het hoofsaaklik oor tekste uit die Nederlandse letterkunde en Nederlandse wêreld gehandel, veral omdat beide hierdie kollegas hulleself beywer het vir die bevordering van die Neerlandistiek in Suid-Afrika en vir akademiese skakeling met Nederland en Vlaandere. Hierdie tweede nommer wat aan hulle opgedra word, bevat artikels oor die Afrikaanse letterkunde, die navorsingsveld wat vir beide van hulle die primêre veld van belangstelling is en waartoe hulle op verskillende vlakke waardevolle bydraes gelewer het.

Die eerste twee bydraes in hierdie nommer is gedigte deur Marius Crous en Zandra Bezuidenhout, wat elk op sy eie manier reflekteer oor hierdie twee kollegas. Die eerste twee artikels in hierdie nommer handel oor die Afrikaanse prosa; daarna volg 'n aantal bydraes oor die poësie en ten slotte 'n artikel oor die gebruik van letterkunde in taalverwerwingsklasse.

Willie Burger doen in sy artikel oor Karel Schoeman se roman *Die uur van die engel* 'n alternatiewe modus van interpretasie aan die hand wat wegbreek van die twee heersende paradigmas in die literatuurondersoek, naamlik die dekonstruktivistiese neiging om die tekortkominge van taal in literêre tekste bloot te lê of die benadering waarvolgens die literatuur in diens staan van die sosiale geskiedenis. Met verwysing na Gumbrecht argumenteer hy vir 'n leesbenadering wat gerig is op die "produksie van teenwoordigheid" waardeur die leser die taal in al sy fisieke materialiteit sal ervaar; by Badiou leen hy die idee dat die leeservaring self die "gebeurtenis" moet wees eerder as wat die roman beskou word as iets wat vertel van 'n gebeurtenis. Louise Viljoen se artikel ondersoek ook die moontlikheid van 'n nuwe leesbenadering deurdat sy S.J. Naudé se kortverhaalbundel *Alfabet van die voëls* lees binne die raamwerk van die transnasionale en die kosmopolitisme en haarself afvra watter kommentaar Naudé se kortverhale lewer op idees oor die morele en politieke verantwoordelikhede van die kosmopolitiese subjek, die moontlikheid van 'n transnasionale estetika en die rol van die moedertaal in kosmopolitiese omgewings.

Die artikels wat fokus op die poësie word ingelui met Joan Hambidge se artikel waarin sy D.J. Opperman se bekende "Ballade van die gryslan" lees as 'n

besondere voorbeeld van Bloom se “anxiety of influence”, waarin die digter sy vrees vir die moontlike kritiek op navolging in sy eie werk besweer deur metafore wat daardie angse verwoord. Die artikel word afgesluit met ’n kreatiewe antwoord op Opperman se gedig. Die artikels van Yves T’sjoen en Helize van Vuuren handel beide oor die werk van Breyten Breytenbach. T’sjoen gee ’n biografiese sowel as intertekstuele lesing van die gedig “autobiotrophy” uit Breytenbach se bundel (‘YK’), maar fokus veral op die mite van Orpheus en Eurydice in ’n poging om die paradokse in die gedig te ontsluit. Van Vuuren bespreek Breytenbach se mees onlangse bundel *vyf-en-veertig skemeraandsange uit die eenbeendanser se werkruimte*: sy lees die herhaalde gebruik van elemente soos “pampoen”, “afgekapte kop”, “maan”, “verdwyning”, “tong” en “mond” as logogramme (grafiese tekens in die plek van woorde) en ontsluit die kunswerk op die bundel se voorblad deur te verwys na die konvensies van Zen-poësie en Kristeva se idees oor die “severed head”. Hierna volg Gerda Engelbrecht se bespreking van die wyse waarop die Moses-figuur, wat tydens die jare van politieke stryd in Suid-Afrika gedien het as inspirerende leiersfiguur vir die onderdrukte (soos byvoorbeeld in die poësie van Adam Small), in Afrikaanse gedigte en lirieke van die postapartheidsjare aangewend word. Na ’n bespreking van die rol wat religie speel in die post-postmodernisme, analiseer sy sowel gedigte van I.L. de Villiers en Lina Spies as lirieke van Die Heuwels Fantasties en Bok van Blerk. Die bevinding is dat die Mosesfiguur die draer van nuwe boodskappe en waardes geword het in die postapartheidstyd.

Dié nommer word afgesluit met ’n artikel wat besin oor die rol wat letterkunde kan speel by die aanleer van ’n nuwe taal. Teen die agtergrond van verskillende teorieë oor taalverwerwing, argumenteer Elbie Adendorff dat letterkunde wel deeglik ’n rol te speel het in taalverwerwing en gee sy duidelike voorbeelde van hoe letterkunde aangewend kan word in die taalverwerwingsklaskamer.

Met hierdie insette wil al die betrokkenes hulde bring aan twee vakgenote vir die bydrae wat hulle op die gebied van die Afrikaanse en die Nederlandse letterkunde gelewer het en hulle alles van die beste toewens vir die toekoms.

Universiteit van Stellenbosch